# Bystand

## Bepalings & Voorwaardes

## Vermaaklikheidsbystand

(Ingesluit by alle voertuig – omvattend; voertuig – derdeparty; brand en diefstal-; veldvoertuig – omvattend; motorfiets-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

As 'n bykomende voordeel het u ook toegang tot inligting rakende alle groot vermaaklikheidsgebeurtenisse, die bespreking van hotelverblyf, restaurante en algemene reisreëlings.

## Mediese bystand

(Ingesluit by alle voertuig – omvattend; voertuig – derdeparty; brand en diefstal-; veldvoertuig – omvattend; motorfiets-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

In die geval van enige mediese noodgeval, het u die sekerheid van volle toegang tot:

- telefoniese noodbystand;
- noodpadbystand of lugambulans by die ongelukstoneel;
- pad- of lugvervoer na die mees geskikte mediese fasiliteit;
- vervoer van lewensnoodsaaklike medikasie/bloed;
- toesig oor en bystand van gestrande minderjariges;
- oorplasing van terminaal siek pasiënte indien ver van huis gehospitaliseer;
- oorplasing van oorskot; en
- toegang tot gespesialiseerde seksuele aanranding krisis-sentrum.

## Padbystand

(Ingesluit by alle voertuig – omvattend; voertuig – derdeparty; brand en diefstal-; veldvoertuig – omvattend; en motorfiets- polisse.)

Hierdie pakket voorsien u van spoedige padnoodgeval oplossings.

### Onklaarheidsbystand:

- insleep na die naaste handelaar na meganiese/elektriese onklaarheid;
- dekking vir die uitroepfooi plus een uur se arbeid vir 'n voertuigsleutelmaker indien u sleutels in u motor toegesluit is;
- dekking vir die uitroepfooi en een uur se arbeid vir bystand met 'n pap band/battery;
- gratis noodaflewering van 10 liter brandstof (koste bereken teen kosprys);
- verwysing na padbystand;
- verwysing na motorwerktuigkundige;
- padaanwysingsdiens;
- 72 uur se gratis berging na insleep;
- kennisgewing- en boodskapdiens vir familie of besigheid; en

- indien u meer as 100 km vanaf u huis gestrand is na ’n onklaarheid en u motor moet na ’n hersteller ingesleep word, sal daar reëlings getref word en tot **R500** betaal word vir:
  - hoflikheidsvervoer vir u en ’n maksimum van ses persone na een aangewese bestemming

OF

  - hotelverblyf vir u en ’n maksimum van ses persone indien daar ’n oornagvertraging is

OF

  - motorhuur vir ’n 24-uur-tydperk, onderhewig aan u voorsiening van ’n kredietkaartwaarborg en beperk tot huurtariewe, aflewering en afhaal van die huurvoertuig, die eerste tenk brandstof en oorhandiging van die voertuig met aankoms by u bestemming.

Ons sal ook **R500** tot die koste van die afhaal en terugbesorging van die voertuig by u gewone woonplek nadat die herstelwerk gedoen is, betaal.

Die Onklaarheidsbystandsdiens het ’n maksimum jaarlikse limiet van drie uitroepe per versekerde voertuig.

### Ongelukbystand:

## Insleepdiens

- insleep na die naaste goedgekeurde paneelklopper/-werf na ’n ongeluk; en
- botsingprosedure-advies.

Geen limiet word op ongelukinsleep onder hierdie voordeel gehef nie.

## Plak asseblief u insleepdiensplakker op u voertuig!

Indien u nie die Insleepdiens na ’n ongeluk skakel nie, sal u persoonlik vir die insleep en berging van u voertuig verantwoordelik wees.

Indien u voertuig na ’n perseel gesleep word wat nie goedgekeur is nie en dit daar geberg word, sal die hersteltydperk vertraag word terwyl u die bedrag waarvoor die motor van hulle fasiliteite vrygestel kan word, onderhandel.

## Traumabystand

(Ingesluit by alle voertuig – omvattend; voertuig – derdeparty; brand en diefstal-; veldvoertuig – omvattend; motorfiets-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Hierdie diens word deur ’n landswye netwerk van meer as 110 erkende traumasentrums bedryf, en dit bied u:

- drie persoonlike traumaberadingsessies;
- bystand met hofprosesvoorbereiding vir getuies/oorlewendes;
- verwysing na groepsterapie en ondersteuningsgroepe;
- begeleiding na uitkenningsparades en hofsittings; en
- verwysing na ’n plek van veiligheid of skuiling.

## Huisbystand

(Ingesluit by alle voertuig – omvattend; voertuig – derdeparty; brand en diefstal-; veldvoertuig – omvattend; motorfiets-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Noodgevalle by die huis hoef nie meer in nagmerries te ontaard nie! Die uitroepfooi word gedek, plus een uur se arbeid vir die dienste van:

- loodgieters;
- elektrisiëns;

- glaseerders; en
- slotmakers.

Lede het ook volle toegang tot ’n omvattende databasis, waar verwysings verskaf word vir:

- bouers;
- matspesialiste;
- verwers;
- tuindienste; en
- brandskadeherstellers.

Die Huisbystandsdiens het ’n maksimum jaarlikse limiet van vyf uitroepe per huishouding.

## Regsbystand

(Ingesluit by alle voertuig – omvattend; voertuig – derdeparty; brand en diefstal-; veldvoertuig – omvattend; motorfiets-; geboue-; en huisinhoudpolisse.)

Gekwalifiseerde prokureurs lei u deur die regsproses en verskaf telefoniese regs- en belastingsadviesdienste vir die volgende:

- regsdokumentasie, bv. verkoops-, huur- en volmagsooreenkomste, testamente en kontrakte;
- hofprosesvoorbereiding;
- kontrakwet; en
- verwysing na regsverteenwoordiging.

**Kliek hier vir kontak nommer**

**Insleepdiens & Bystand**

**0860 10 42 10**

Auto & General Versekeringsmaatskappy Bpk is ’n gemagtigde finansiële-diensverskaffer (FSP lisensienommer: 16354).